DIREKTEUR: SENTRUM VIR EENHEID IN DIVERSITEIT

Die FW de Klerk Stigting wil ‘n toepaslik gekwalifiseerde persoon aanstel as Direkteur van sy nuutgestigte Sentrum vir Eenheid in Diversiteit, wat ten doel het om:

- konstruktiewe en grondwetlik-gebaseerde nasionale eenheid te bou;
- die grondwetlike regte van Suid-Afrika se gemeenskappe te bevorder ten einde hul kulturele, godsdienstige en linguistiese identiteite binne die raamwerk van nasionale eenheid te bewaar en ontwikkel; en
- harmonieuse nie-rassige verhoudings tussen almal wat in Suid-Afrika woon, te bevorder.

Aansoekers sal ‘n geleentheid hê om ‘n wesenlike bydrae tot die ontwikkeling en inwerkingstelling van belangrike konsepte van eenheid in diversiteit te maak in ‘n belangrike tydperk van ons diverse nasie.

Die aansoeker moet:

- ‘n passievolle verbintenis hê tot die handhawing van die Grondwet en die regte wat daaruit spruit;
- ‘n grondige kennis en begrip hê van die sosio-politiese situasie in Suid-Afrika;
- ‘n grondige kennis en begrip van die balans tussen die konsepte van nasionale eenheid en kulturele, godsdienstige en taaldiversiteit;
- die vermoë om duidelike en gesaghebbende meningstukke te skryf; en
- goeie menseverhoudings en kommunikasievaardighede.

Let asb op: tweetaligheid is ‘n vereiste (veeltaligheid sal ‘n bykomende voordeel wees).

Vereiste kwalifikasies:

- ‘n nagraadse graad (verkieslik ‘n meestersgraad in die sosiale wetenskappe); en
- akademiese of praktiese ervaring op die gebied van sosiale wetenskappe, spesifiek politieke wetenskap.

Die Direkteur se pligte sluit in die bevordering van die waardes, regte en beginsels in die Grondwet deur *inter alia:*

- ontleding van optrede, beleide en wetgewing wat aangeleenthede betreffende eenheid en diversiteit en interpersoonlike verhoudinge raak;
- dialoog en skakeling met die regering, nie-regerings- en ander verwante organisasies;
- die opstel van grondwetlik gebaseerde meningstukke oor aangeleenthede wat met eenheid en diversiteit verband hou;
- die skryf van artikels oor aangeleenthede wat met eenheid en diversiteit verband hou; en
- die verskaffing van advies oor aangeleenthede wat met eenheid en diversiteit verband

hou.

Daar sal ook van die Direkteur vereis word om toesig te hou oor personeel en administratiewe aangeleenthede wat met die Sentrum verband hou, en om die Sentrum se aktiwiteite met dié van die Stigting te koördineer.

Salaris en diensvoorwaardes sal onderhewig wees aan ervaring en die Stigting se visie, bestuursriglyne en begroting.

Aansoeke, te same met 'n kort resumé moet teen nie later as 31 Julie 2016 aan jill@fwdeklerk.org gestuur word.